



# Waldberg Drakensbergers kom al 'n lang pad

Deur Izak Hofmeyr

**D**ie Waldberg Drakensbergerkudde bestaan reeds sedert 1890, toe Udo Beneke se oupagrootjie, Rudolph Beneke, in die Lüneburg-omgewing van Mpumalanga met swart osse transport gery het. Hy was tot sy dood oortuig dat daar nie taaier trekosse is nie. So het die kudde met die geslagte saam voortgeleef, eers met oupa Friedrich en sy broer Helmut, en toe met pa Manfred en sy broer Dieter. Vandag is Waldberg die tweede oudste Drakensbergerstoet in die land.

Oom Dieter het die stoet ongelukkig tot niet gemaak, maar pa Manfred het met die kommersiële kudde voortgegaan. Sowat ses jaar gelede het Udo, wat intussen plaas toe gekom het, besluit om die Waldberg Drakensbergerstoet te laat herleef.

“Deur al die geslagte heen is die stoet en die kommersiële kudde langs mekaar bedryf, en was daar geen verskil tussen die gehalte van die beeste nie. So ek kon met vertroue van my koeie laat keur en as stoetdiere registreer, want hulle kom reeds van die 1890's af suiwer aan.”

## Goeie aanpasbaarheid

Die belangrikste eienskap wat hulle Drakensbergers in die moeilike wêreld van Lüneburg se berge van ander beeste



Jong bulletjies word vir 'n jaar aan 'n veldtoets onderwerp.

onderskei, sê Udo, is hul aanpasbaarheid en vermoë om die hele plaas se weidings te benut.

“Ek word soms bang as ek sien waar ons beeste wei. Hulle skrik nie vir hoogtes nie en wei tot reg onder die kranse en teen die steilste hange. Hulle benut dus weiding wat baie moeilik deur enige ander vee benut sou kon word.”

Udo sê hoewel dit gevaarlik is om rasse met mekaar te vergelyk, kan hy wel sy Drakensbergers se prestasie vergelyk met die ander beeste wat hulle ook op die plaas aanhou, en ten opsigte van beide speengewig en jaaroud-gewigte klop die Drakensbergers hul rooi beeste klokslag met 'n goeie 10kg.

Udo boer in 'n besondere suur en harde omgewing. Die reënval is ongeveer 1 200mm per jaar. Verder is die omgewing bekend vir sy hoë bosluisladings. Dis onder hierdie

omstandighede dat die Drakensbergers presteer.

## Streng seleksie

Sedert hy die stoet laat herleef het, vertel Udo, het hy hom voorgeneem om baie streng te selekteer. “Ek weier om onnodige diere, wat nie aan my standaard voldoen nie, op die plaas te hê.”

Ná speen gaan sy verse veld toe, waar hulle moet bewys of hulle aangepas is om op die veld te oorleef en dus op die plaas te bly. Die bulletjies gaan eweneens veld toe, waar hulle 'n jaarlange veldtoets ondergaan voor hulle geselekteer word. Eers dan word hulle vir die veiling afgerond.

Udo sê een van die redes waarom hy die stoet laat herleef het, was om erkenning aan sy oupa Friedrich te gee. Hoewel hy oorlede is toe Udo maar ses jaar oud was, kan hy baie goed onthou hoe hy hulle kom haal het en saam beeste toe geneem het. Die saadjie vir sy liefdevolle Drakensbergerbeeste is daar reeds gesaai.

“Hierdie sentiment is die een deel. Die ander deel is die bevrediging wat ek put uit die feit dat ek vordering kan maak omdat ek meet, en dus my standaard kan stel. In die proses weet ek dat die diere wat die Waldberg-naam dra, waardig is om verteenwoordigers van my voorgeslagte se insette en drome te wees.”



Waldberg-koeie is waardig om die naam te dra waarvoor reeds vir vier geslagte geselekteer word.

Vir meer inligting, skakel Udo  
by 082 797 8088.